Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap
Johannes Nortier

Nuusbrief Donderdag 27 Februarie 2020

Gedagte van die week:

We do not want to be beginners, but let us be convinced of the fact that we will never be anything but beginners, all our life! (Thomas Merton)

Teks van die week:

Genesis 2:15-3:24

Meditasie uit die Woord:

Ek het hierdie week, soos verlede week met Eksodus 24, beweeg van frustrasie met die teks (dit is baie vreemd en vol moeilikhede) na lag (verbeel jou die toneel van 'n pratende slang en 'n God met skêr en naald en gare in die hand besig om klere te maak …) na deernis met die skrywer(s) en die leser(s) van hierdie teks. Algaande het die teks op en in my gegroei. God maak vir my 'n aarde. *Ek maak vir my kinders 'n huis.* God gee my materiaal en klere. *Ek trek my kinders aan.* God gee vir my bome wat eetbare vrugte dra. *Ek koop en maak vir my kinders kos.* God maak vir my lewensreëls en stel grense om my te beskerm teen seerkry. *Ek maak huisreëls vir my huis en gesin sodat ons goed en gelukkig kan saamwoon(soms moet jy voor donker tuis wees, soms mag jy nie alleen gaan swem nie)*. Ek frustreer God met my ongehoorsaamheid. *My kinders frustreer my met hulle ongehoorsaamheid.* God leer ons dade het gevolge. *Ek leer my kinders dade het gevolge (soms 'n halfuur toegemaak in jou kamer, soms verminderde sakgeld)* . Die storie is glad nie so vreemd nie. Dit is die storie van kinders wat wonder oor waar hulle vandaan kom en van 'n vader wat hulle help om te verstaan. En hopelik ontdek hulle bo alles en voor alles: God hou van ons, God dink aan ons, Sy lewe draai om ons! *Ek hoop my kinders weet ook: Pappa hou van ons, Pappa dink aan ons, Pappa se lewe draai om ons!* Genesis 2 en 3 is nie 'n skeppingsverklaring nie. Genesis 2 en 3 is 'n "love story"!

Meditasie uit die lewe:

Ek het hierdie week John Baillie se woorde raak gelees:

Teach me o God, so to use all the circumstances of my life that they may bring forth in me the fruits of holiness rather than the fruits of sin.
Let me use disappointment as material for patience.
Let me use success as material for thankfulness.
Let me use trouble as material for perseverance.
Let me use danger as material for courage.
Let me use reproach as material for longsuffering.
Let me use praise as material for humility.
Let me use pleasures as material for temperance.
Let me use pain as material for endurance.

Dit is dalk 'n goeie idee om dit in die komende week elke dag een maal te bid. Geloof gee self gewig en kleur aan elke gebeurtenis. Gewoonlik is dit 'n ligter gewig en kleur!

As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrief" na ngkagterpaarl@telkomsa.net